# LEES JOU BYBEL EN BID

LES 3


Ons het laas gesels oor hoe om te bid en die resep wat Jesus vir ons gelos het in die bybel vir hoe om te bid..

Kan jy onthou wat ons laas week gesê het.

Ons het gepraat oor  Onse Vader wat in die Hemele is.  Hy is ons pappa, Hy weet alles en ons hoef nie skaam te voel om na Hom te gaan nie.  Maak nie saak wat ons verkeerd gedoen het nie, Hy weet al klaar so ons kan net sowel met Hom gesels daaroor.

Nie net is Hy ons pappa nie, Hy is ook die Koning van ALLES.  Hy het alles gemaak en ons moet met respek na Hom toe kom.

Kom ons spring vandag weg.





# LEES JOU BYBEL EN BID

LES 3

Wat beteken dit om te sê, laat U naam geheilig word?

Kom ons kyk na die woord heilig.
Hoor wat se Google

Om heilig te wees verwys na die toestand waarin iets of iemand afgesonder is van onreinheid.

Dit beteken ons bly weg van onreinheid, weg van slegte, verkeerde dinge af.

Hoe weet ons wat is goed en wat is verkeerd? Ons kan gaan kyk na Galasiers 5:20 of die 10 gebooie.

Laat U naam geheilig word. Dit beteken ons hou Sy naam weg van wat sleg is want Hy is goed. God kan nie sondig nie. So ons moet Sy naam loof en prys en groot maak.

In engels se hulle, hallowed be Your Name. Dit beteken to render sacred, to consecrate. Dit is spesiaal en moet vereer word.

So stap een.. Ons moet weet Hy is ons pappa en ook die Koning.

Stap twee.. Ons moet respek vir Hom hê en Hom eer en Sy naam groot maak.

# LEES JOU BYBEL EN BID

LES 3











# LEES JOU BYBEL EN BID

LES 3

SKRYF 'N GEBED AAN GOD, ONTHOU OM DIE RESEP TE GEBRUIK



# LEES JOU BYBEL EN BID

LES 3

SKRYF 'N GEBED AAN GOD, ONTHOU OM DIE RESEP TE GEBRUIK



# LEES JOU BYBEL EN BID

LES 3

## Gebeds resep volgens Mattheus 6:9-13

Onse Vader wat in die hemele is,

**laat u Naam geheilig word;**

laat u koninkryk kom;

laat u wil geskied,

soos in die hemel net so ook op die aarde;

gee ons vandag ons daaglikse brood;

en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;

en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Amen.

# LEES JOU BYBEL EN BID

## Mattheus 6:9-13

9 Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die
hemele is, laat u Naam geheilig word;
10 laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos
in die hemel net so ook op die aarde;
11 gee ons vandag ons daaglikse brood;
12 en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons
skuldenaars vergewe;
13 en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos
ons van die Bose. Want aan U behoort die
koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in
ewigheid. Amen.

# LEES JOU BYBEL EN BID

LES 3



